

# KOMMUNIKAMMA 30 AUGUSTUS 2020



## **Kontakpersone, indien u meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:**

U blokouderling of -diaken

Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za

Dr Deon Els: 072 276 7555; els\_deon@yahoo.com

Ds MG van Rooyen: 041-3600665; 083 413 7100; mgvanrooyen@telkomsa.net

## **Teks van die week:**

Johannes 14: 27.

*“Vrede laat Ek vir julle na; My vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie. Julle moet nie ontsteld wees nie, en julle moet nie bang wees nie.”*

## **Sake vir gebed:**

- Ons is baie dankbaar vir elke druppeltjie reën wat ons ontvang. Ons opvangsdamme se vlakke bly egter laag. Bid ook veral vir die droë dele in ons land en smee die Vader vir uitkoms.
- Dra almal aan die Here op wat hul besighede, ens. moes sluit. Ons bid dat die persone geseën sal word met kreatiwiteit en entoesiasme om op nuwe wyses 'n inkomste te verdien.
- Ons dank God vir die gesondheidspersoneel van ons land vir die verantwoordelike werk wat hulle met soveel liefde en passie verrig.
- Ons glo dat God in Sy groot genade 'n einde sal bring aan die korrupsie, diefstal, moord en versteurde verhoudings. Ons bid vir diegene wat eerlik en opreg is, maar frustrasie ervaar of soms selfs in vrees lewe omdat die wêreld rondom hulle korrup is.
- Bid vir Pierre Rootman, Mac en Juliet Mckenzie en Zelda Bakkes wat sukkel met hul gesondheid.
- Dink ook aan Ansie, dogter van Fritz en Nicky vd Merwe wat behandeling kry.
- Freek Pretorius is siek. Bid ook vir sy vrou Elsabe.
- Bid vir ons eredienste wat weer sal begin en ons glo dat alles spoedig weer 'n nuwe normaal sal betree.
- Ons dank ons Hemelse Vader vir elke lidmaat. Julle is elkeen 'n lig in die duisternis.

## **There4-bedieninge se gebedsversoek vir die week:**

Dit is vrouemaand en ons bid vir Christen dames in **Sri Lanka** wat fisiese mishandeling in die gesig staar wanneer hulle vir Jesus leer ken. Ons bid dat hulle sterk sal kan staan in hulle nuutgevonde geloof.

## **Radio Feba gebedsversoek**

Bid asseblief vir Suid-Afrika se direkteur, dr Jurie Vermeulen. Hy bestuur die kantoor in Suid-Afrika en ook ons stasies in Mosambiek, Mali, en Tsjad. Bid dat die Here vir hom krag en wysheid sal gee. Bid dat FEBA Suid-Afrika se span goeie ambassadeurs en rentmeesters van hulle tyd en hulpbronne sal wees. Mag elke opdrag vrugbaar wees. Bid dat elke doelwit wat vir 2020 opgestel is, bereik sal word en dat die Here die beplanning en die uitvoering daarvan, sal seën.

Ons bediening in Afrika groei vinnig. Om die langtermyn volhoubaarheid van al ons stasies te verseker, benodig ons meer ondersteuning. Die verskillende stasies in Afrika dra stewige operasionele kostes en radio's moet aan mense in die areas, wat deur ons uitsendings bereik is, versprei word. Bid saam met ons dat die Here alles wat ons benodig om die bediening te onderhou en Sy Koninkryk nog verder uit te brei, sal voorsien.

Ons ervaar talle uitdagings wanneer ons probeer om radio's aan ons stasies in Afrika te stuur. Dit het al gebeur dat ons radio's deur doeane gekonfiskeer word sonder enige redelike verduideliking. Bid dat die Here ons sal help om 'n makliker manier te kry om radio's uit te stuur.

Bid dat die Here elke individu, besigheid en kerk wat ons bediening met finansies of gebed ondersteun, sal seën, beskerm, en voorspoedig sal maak.

Bid asb. vir al FEBA se deelydse verteenwoordigers wat kerke besoek en met Christelike besighede ontmoet, om nuwe ondersteuners te betrek. Bid dat die Here by elke geleentheid teenwoordig sal wees en dat elke verteenwoordiger inligting oor ons bediening met passie sal oordra.

Bid asb. vir FEBA Zimbabwe. Die kantoor word tans deur plaaslike direkteur, Melusi Khumalo, bestuur en word deur FEBA VK befonds. Programme word saamgestel in drie hooftale; Engels, Shona en Sindebele. Hulle fokus ook op die produksie en uitsending van gospelmusiek, wat hulle gebruik om onbereikte mense, wat in dié land en die buiteland woon, te evangeliseer. Hulle hoofdoelwit is om mense na Christus te lei. Bid dat die Here al hulle pogings sal seën en dat Hy die fondse en hulpbronne sal voorsien om die bediening nog verder uit te brei.

### **EREDIENSTE IN DIE KERKGEBOU WORD HERVAT**

Die kerkraad het besluit dat eredienste in September in die kerkgebou hervat word. Die hou van eredienste is onderhewig aan al die Covid regulasies. Maskers moet gedra en 'n veilige afstand gehandhaaf word. Vir jou koors wat gemeet sal word en vir die saniteer van hande, het ons reeds alles in plek. Slegs 50 persone word per diens toegelaat en ons mag nie saamsing met die sangleiers nie. Ons versoek hoë risiko persone om nie die dienste in die kerkgebou by te woon nie. Indien jy enige griepsimptome toon, bly asb ter wille van jou eie en ander se veiligheid by die huis. Digitale dienste het gekom om te bly en sal, soos altyd, beskikbaar gestel word.

Indien jy een van die eredienste op 6 September in die kerkgebou wil bywoon en jy nog nie vir Niekie laat weet het dat jy 'n diens wil bywoon nie, kontak haar asb so gou as moontlik. (haar besonderhede verskyn aan die begin van die Kommunikamma) Doen dit voor of op eerskomende Dinsdag 1 September sodat ons daarvolgens kan voorberei. Indien daar 50 name op die naamlys is, sal slegs diegene wat "bespreek" het, toegelaat word in die diens.

### **PROGRAM VIR DIE WEEK:**

#### **Sondag 30 Augustus**

#### **EREDIENSTE**

Eredienste word beskikbaar gestel op Kraggakamma gemeente se webblad, facebookblad en YouTube kanaal. Maak asb. seker jy "SUBSCRIBE" sodat jy niks sal mis nie. Inligting en skakels na boodskappe word ook op die webblad beskikbaar gestel.

#### **Dinsdag 1 September**

18:00 Leef@Kerk Zoom sessie met die tieners. Kontak Deon vir meer inligting.

#### **Voedselhulp aan PE-Noord**

Ons ondersteun NG Kerk PE Noord in hul bediening om voedsel te voorsien aan 278 gesinne wat broodgebrek ly. Dankie vir almal wat reeds kos of kontant geskenk het. Daar is 'n mooi klomp kos geskenk en teen Woensdag 26 Aug is reeds R 121 945.76 inbetaal. Ons wil PE Noord bly ondersteun. Ons probeer so 30 gesinne per week help. Skenkings kan hierdie week op Dinsdag by MG van Rooyen (Asterlaan 16) afgelaai word. U kan ook inligting op ons webblad kry. Kontant donasies kan in ons kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord. Vir meer inligting, kontak Sonja Spies by 084 516 4925.

#### **Woensdag 2 September**

#### **KERKKANTOOR**

Die kerkkantoor sal elke Woensdag van 08:00 tot 13:00 oop wees. Maak 'n afspraak, by Niekie (082 561 8747), indien jy kerkkantoor toe wil kom. **Geen persoon sal sonder 'n masker toegelaat word nie.** Volg asb die regulasies.

#### **GEMEENTEBIDUUR**

18:00 Ons hou Woensdagaand 'n gebedsgeleentheid op Zoom. Kontak asb met Niekie indien jy wil inskakel en saambid.

#### **Vrydag 4 September**

#### **MANNEGROEP**

05:00 by Elandre Bosch (Lilylaan 68). Besonderhede sal op die Kraggakamma Manne Whatsapp groep uitgestuur word. As jy nog nie op die groep is nie en wil inskakel, kontak met Elandre Bosch by sel: 084 812 4645. Alle manne welkom om te kom saamkuier.

## **VGK SA Cala**

Die Magrietjie-selgroep het kinderontwikkelings-pakkies saamgestel vir 'n kleuterskool in Cala en benodig nou 'n saamrygeleentheid vir hierdie bokse. Indien die bokse tot in Queenstown kan kom, sal dit al klaar baie help. Kontak vir Zeldia Bakkes (083 950 6096) indien jy kan help.

## **VERJAARSDAE**

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

- 30 Augustus    Gielie Botha en Caty Pieterse
- 31 Augustus    Jacques Claassen, Janine du Plessis, Bianca Meiring, Riana Meiring,  
Arno Pieterse en Tammie Wildling
- 1 September    Kobus Coetzee en Francois Roets
- 2 September    Jaco Strydom en Kara Strydom
- 3 September    Daan Boshoff, Wayne Delpport, Tiaan Fyver, Lucelle Theron en Cara  
van Wyk
- 4 September    Phillip de Vos, Stefan de Vos, Theo Pagel en Leon Stoltz
- 5 September    Danielle Esterhuysen, Maizie Gerber, Stephan Redpath,  
Maryna Rheeder en Carly Ross



## **DIGITALE SPAN**

Daar is geen twyfel dat die digitale bediening gekom het om te bly nie. Is daar iemand wat op hierdie diensgroep wil help? Kontak asb vir Niekie.



## **DANKOFFER**

Die eerste 5 maande van ons nuwe finansiële jaar is verby en ons kon ons noodsaaklikste uitgawes betaal. Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae.

Ons het erediensdankoffers en nou ook vir eers die kermis as groot bron van inkomste verloor. Ons versoek u om steeds die Here met u finansiële offer van dankbaarheid te bly dien.

Die dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening inbetaal word of deur middel van Snapscan betaal word.

Ons herriner u daaraan dat Oktober ons tiendemaand dankoffer maand is en doen 'n beroep op u om biddend te oorweeg om 'n ekstra dankoffer bydrae te maak.

Die kerk se bankbesonderhede is:

NG Kraggakamma  
Absa Tjekrek 1400590091  
Takkode 632005



## **ADVERTENSIEBLAD**

Hierdie advertensieblad gee gemeentelede kans om hulle besighede tydens die inperking gratis te adverteer.

Gemeentelede wat wil adverteer, kan 'n e-pos aan Niekie stuur by [kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za](mailto:kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za).

Die advertensies sal op facebook verskyn. Die inligting word 2 weekliks uitgestuur op die Whatsapp gemeentegroep.